Ges. 86:2,3: "Ons Lampe Gaan Uit" Vb / Patch 11 apr. 59

Ges. 60: 1, 3. Matt. 25:1-13 a/Kp 21 Febr. 60.

~~" 155: 5~~

" 156: 5.

Matt. 25: 8 - Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit.

Hierdie gelykenis ~~het iets~~ [illegible] 'n gees van blye fees-vreugde en -verwagting wat die hart laat vinniger klop by die aanhoor daarvan: die Koninkryk v.d. hemele soos 'n vrolike bruilofs-prosessie wat i/d donker nag temidde v helder-verligte fakkels, die bruidegom tegemoet gaan.

Mr. die gelykenis hou ook in d. angswek-kende, vreesaanjaende mededeling van 'n oomblik wanneer 'n deur ~~sluit~~ toegaan om d. fees-gaste in- en d. skyngaste uit te sluit.

Tien maagde wag die bruidegom in - almal deel v.d prosessie; as d. bruidegom kom ontdek vyf dat hulle olie kortskiet; dan is dit die ander vyf wat hulle raai om „vir julleself te gaan koop". Dit lei ons om nou te let op

I Die Onderskeiding:-

II Die Ontdekking -

III Die Raadgewing -

I <u>Die Onderskeiding</u> - letterlike geen: 10 maagde - d. getal 10 i/d Bybel d. getal v. aardse voltalligheid = beteken dus dat na sover ons mense dit kan be-oordeel d. steeds voltallig is. Ons het dus hier te doen m. d. kerk soos sy h/s sigbaar as organisasie, as ~~instituut~~ openbaar i/d wêreld: almal wat uiterlik as lidmate.

Ha. tien: almal d. uitnodiging aangeneem; almal d. feesklere aangetrek; almal een doel, een verwagting; uiterlik 'n pragtige harmonie en eenheidsoptrede: feesvier!

Dan kom Xtus self en verpletter hd. mooi uiterlike eenheid deur die 'n en pynlike sin: „en vyf was verstandig en vyf dwaas" – nie in die sin van skyn en dom van verstand, mr. van wys & dwaas van hart!

Dus kan dit nie mooi verstaan nie want hd. dwase maagde neem nie net hulle lampe nes d. ander nie, mr. dd. lampe brand – nie 'n tydlank altans – tot op d. kritieke oomblik dat d. Bruidegom hier teen 12 nm. opdaag!

Daar is dus 'n onderskeid – mr. dis so klein dat dit skaars merkbaar is! Ja – en tog is dit net in dd. klein onderskeid dat al die verskil geleë is!

„neem hulle lampe": Dis almal wat saamloop i/d lidmaatskap v.d sigbare kerk: dra in hulle hand d. lamp v. Xt. opvoeding: maak groot ens van belydenis & tradisie & beginsel. Hulle vêlle aandeel aan Doop & Awendmaal: hulle lampe brand deur d. lig van 'n skynbekering, van tydel. opwekking 'n oorge-erfde godsdiens, van d. saad wat opskiet om van geval, meer gou te verdor!

„Geen olie" met hulle saamgeneem" Die ware olie, d. persoonlike geloof in Xt. Jesus, die waaragtige geloof en opregte bekering – dit het hulle ontbreek!

II Die Ontdekking – Ontnugterend & Ontstellend:

al tien sluimer in – hier al 10 het d. wag te lank geword. O, as d. vyf wyses werklik wakker en waaksaam was sou hulle nie d. dwase betyds kon waarsku en sê: „Mense, sê nou net dit word laat voor d. Bruidegom kom, waar gaan julle dan olie kry? Moet julle nie liewer nou gaan nie?" – mr. ook hulle sluimer in totdat d. groot geroep middernag deur d. strate weerklink: „Die Bruidegom kom!" Haastig steek almal hulle lampe op – hulle brand – mr. vyf s'n word flouer & flouer & – verdof tot d. pit! Dan roep hulle in vreesl. ontsteltenis: „Ons lampe gaan uit!"

Wanneer maak hulle die ontdekking? „As d. Bruidegom kom – ~~op d. nippertjie~~ dan eers. Ja solank ons i/d kerkbanke sit, saamleef m.d. gemeente, i/d. prosessie loop alles wel: mr. as d. groot oomblik aanbreek dat ons voor God staan – i/d dood, i/d uur v. krisis, dan tuimel ons hele sandkastiel in duie!

„Waarom gaan d. lampe uit?" Omdat

## III. Die Raadgewing – Direk en Dringend:

① Wie gee dit? Waarom?

– Hulle weiering dan nie liefdeloos?

② Was daar nog 'n Kans?

→ Vandag nog d. Kans!

Watter wond. ontdekking as iemand vandag nog kan sê: „My lamp gaan uit!" Want d.w.s. sê hy ook: Ek wil dit anders hê – ek is nie tevrede met my lewe en my verhouding tot God nie – daar skort iets!

En hoe vind ek uit of my lamp uitgaan? Daar is net een manier om seker te maak: **Steek ~~dit aan~~ aandinig** en kyk wat gebeur! Laat dit brand! Dan sal u weet of die pit nog is, of daar genoeg olie in is en – of dit olie is wat kan brand!

En hoe steek 'n mens dit aan? Antw.: Deur iets te begin doen vir die Here!

- Sluit aan by d.d. biduurkring of sendingvereniging!
- Gooi af u valse skaamte & begin u huisgodsdiens hou!
- Besoek d.d. bure van u wat nooit Gods huis besoek & gesels in liefde met hulle daaroor!
- Besluit om dit wat u vir die saak v.d. Here te gee te maak 'n offer aan God, nie 'n bydrae aan 'n diaken!